# Ruach Bediening Nuusbrief

November 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ....... 1
2. Gebedsterapie sessies in November 2024 ....... 2
3. Getuienisse ....... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....... 3
    a. Wanneer my lyf vir my hart weghardloop ....... 3
    b. Eerste en laaste ....... 4
    c. Wonderwerke ....... 5
    d. Ons hoop ....... 6
5. So terloops ....... 7
    a. The meaning of life ....... 7
    b. Jannie wil pastoor word ....... 7
    c. Lag 'n slag ....... 7
    d. Black Friday ....... 8
6. Beplanning vir volgende maande ....... 8
7. Beplanning vir 2025 ....... 8
8. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....... 9
9. Bybelskool ....... 9
10. Afsluitings Gebed ....... 10


## 1. Gedagte vir die maand

**Johannes 14:6**

Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.




Jesus gee vir ons 'n belangrike sleutel. Dit sleutel tot die troon van God. Daar is net een pad na God se hart en dit is deur Jesus. Jesus is die sleutel. Jesus is ook die enigste waarheid rakende elke aspek van jou lewe. Of ons dit nou wil weet of nie. Elke mens het twee lewens. Een op aarde en een na ons lewe op die aarde. Die lewe op aarde voel vir ons soos alles, maar dit is 'n leuen. Die lewe op aarde is kort, in vergelyking met die lewe na die aarde. Die lewe hierna is die ewige lewe. Die lewe na die aarde is 'n keuse tussen een van twee lewens. Een van lewe en een van dood. Dit is nie 'n fisiese lewe en dood nie. Dit is 'n geestelike lewe en

dood. Hierdie lewe is die lewe in die huis van God of die lewe in die vuurpoel saam met satan. Jesus is die sleutel na die ewige lewe. Hy openbaar die "regte" waarheid aan ons, rakende elke aspek van ons lewe op aarde en die lewe hierna. Hy is ook die **"lewe"** wat ons ontvang na ons aardse dood. Dit is geweldig belangrik dat ons Hom sal ken en ook die **"waarheid"** sal ken, sodat ons die **"weg"** sal ken en kan lewe in die huis van God, al die dae van ons lewe.

## 2. Gebedsterapie sessies in November 2024

| | |
|---|---|
| 48 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 1 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 43 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 10 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 16 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 3 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 121 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**<u>Getuienis 1</u>**: Dankie oom Sarel, ek waardeer elke droom wat oom vir my uitgelê het. Dit is wonderlik om terug te gaan en sien hoe die ware Jesus my bemoedig en my help en hoe ek in geloof groei. Ek sou nie so ver gekom het sonder oom Sarel se ondersteuning nie. Ek waardeer dit opreg baie.



**<u>Getuienis 2</u>:** Baie, baie, baie dankie oom Sarel! Julle het ons so geseen met julle woord! Ek weet Vader gaan julle nog dieper vat, dat nog meer mense aan geraak word.

**<u>Getuienis 3</u>:** Sarel en Gerda, dankie vir julle seëngebed oor ons. Ek kan nie glo dat julle al 15 jaar in Delmas is nie!!
As mens almal wat daar kom aanklop het, bymekaar sit, gaan dit 'n GROOT skare mense wees. Dankie dat julle so getrou en gereeld kom bedien het. Soveel mense getuig dat hulle vrygekom het!! Ek self het ook n paar getuienisse🤲🤲🤲. Ons het lief geword vir jou en Gerda en prys die Here wat so KRAGTIG deur jou werk!!! Dankie dat julle nog bereid is om te kom. Waardeer dit van harte! 🙏





**GERDA WORD 70 JAAR OP 21 NOVEMBER 2024**

Sy word wakker gemaak met die verjaarsdag lied op haar verjaarsdag.

**Kosbare woorde wat oor Gerda gespreek is....** Liewe Gerda, altyd praat mens oor die goedheid van mense as hulle die aarde verlaat het .... hoe hartseer. Vandag wil ek vir jou sê dat jy 'n baie kosbare mens op hierdie aarde is, jy maak hierdie aarde 'n beter plek. Dis altyd lekker om met jou te gesels, die borrel binne jou te sien en die liefde van Jesus wat uit jou straal.




## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Wanneer my lyf vir my hart weghardloop

Dis hierdie tyd van die jaar, Here… die tyd wat almal se lywe vir hulle harte weghardloop. Die tyd wat mense verby mekaar skarrel, en mekaar se oë miskyk. Die tyd van keerdatums en afsluit en klaarmaak voor kersfees. Die tyd van toets skryf en druk en 'n kind se bangwees vir nog 'n prysuitdeling wat dalk te veel gaan vra.

Ek hou nie van hierdie tyd van die jaar nie, Here. Dit maak my bang. Ek verlang terug vir die tyd voor eposse en whatsapps en zoom… ek mis die posseël se gom wat op 'n brief vasplak. Die opgewonde-bly-wees en wag vir die brief om oor 'n paar dae eers by sy bestemming te kom. Ek verlang vir die tyd toe die foon nog teen die muur vas was. Toe niemand ongeduldig en kwaai geraak het as daar geen antwoord was nie. Ek verlang vir die tyd toe mense mekaar nog in die oë kon kyk en lag en gesels wanneer hulle eet. Nou, Here… sit elkeen met 'n stukkie rekenaar in die hand, die kos en kuier en saamwees is sommer net 'n bysaak. Ek verlang vir die tyd toe kinders in bome geklim het, en laataand fiets gery het. Ek verlang vir die tyd toe mammas en pappas in die aande by die huis was, sonder vergaderings en weg wees met werk.

Ons lywe hardloop so vinnig, Here. Ons probeer elke whatsapp, elke epos, elke oproep betyds inhardloop… en dan hardloop ons so baie keer verby U. Soms stamp ons U sommer net eenkant, want ons is so bang ons is nie betyds by die volgende stukkie stop nie.

Help my, Here, om stil te gaan staan. Help my om die blommetjie wat U so opgewonde langs die pad na my toe uithou, raak te kyk. Maak my oë oop vir U glimlag in 'n klein kindjie se lag, dat ek U kan sien, Here. Stop my en maak my sit op die groen gras wat U so mooi helder ingekleur het… en sit weer die verwondering in my hart vir elke wolkie wat patroontjies teken in die lug. Elkeen anders en uniek. Vat my na 'n plekkie waar U en ek alleen kan wees, waar dit so stil is dat ek U liefde kan voel en hoor. Daar waar daar nie fone en rekenaars en vergaderings en eposse is nie. Daar waar dit net U en ek is, Here.



Dankie dat U in stil wees vir my wag… dat U U Hand uitsteek om my te stop wanneer ek vir my eie hart wegloop. Dankie dat U dadelik hoor as my hart so baie keer bang en vinnig begin klop. Dankie dat U juis dan stil by my kom sit, my hart in U hande toevou. Dankie dat U my hart versigtig teen U hart

hou, totdat dit stukkie vir stukkie stadiger begin klop. Totdat dit in pas kom met U hart se klop, Here. En wanneer dit rustig is, sit U my hart stil-versigtig terug in my lyf. Dankie dat U my herinner om U liefde en U omgee en U sorg stukkie vir stukkie in te asem. Bietjie vir bietjie . . . een asem op 'n slag. Sodat my hart en my lyf kan stil word. Dankie dat U my leer om een voet voor die ander te sit, en nie duisend tree te probeer inpas, teen tyd verby nie. Een voet voor die ander, Here. Een asem op 'n slag. U liefde wat my regop hou. En U stem wat sag vir my sê: 'Kom na My toe, Ek sien jy raak moeg. Kom, dat Ek jou hart stil teen Myne kan sit, sodat jy vir 'n rukkie net kan rus.'



Dankie Here. U alleen is vir my genoeg.

*("Woord vir 18 November, Hervormde Kerk Centurion Oos")*

## b. Eerste en laaste

Jesus het gesê "Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met die eienaar van 'n wingerd wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur. Nadat hy met die arbeiders ooreengekom het om hulle die gewone dagloon te betaal, stuur hy hulle om in sy wingerd te gaan werk." Ons lees verder dat die eienaar ook ander arbeiders teen nege-uur huur, ander teen twaalfuur, ander teen drie-uur, en nog ander teen vyfuur. Met die betaling het dit so gegaan: "Dié wat teen vyfuur gehuur is, kom toe en kry elkeen die gewone dagloon. Die mense wat eerste gehuur is, het gedink hulle sou meer kry, maar toe hulle aan die beurt kom, kry hulle ook elkeen die gewone dagloon. Hulle vat toe die geld maar begin by die eienaar kla en sê: 'Hierdie laastes het net een uur gewerk, en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag hard gewerk het in die warm son.' Maar hy antwoord een van hulle: 'Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir die gewone dagloon nie? Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou. Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?' So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste" (Matt. 20:1 - 16).

Jesus het hierdie storie vertel om te verduidelik dat sy koninkryk anders is as 'n aardse koninkryk. Let op dat daar staan dat die boer goed was, en dat hy vir almal 'n dagloon betaal het, wat nie min was nie. Ons reaksie kan wees soos dié van die arbeiders wat vroeg begin werk het, naamlik dat dit darem baie onregverdig is. Hoe kan mense wat een uur lank gewerk het dieselfde loon ontvang as mense wat heeldag gewerk het? Jesus se koninkryk werk egter presies so.

Mense wat vroeg al hul lewe vir Jesus gee, ontvang dieselfde loon as mense wat eers aan die einde van hul lewe vir Jesus erken as die Seun van God, die Een wat gekom het om ons sonde weg te neem. Aan die kruis het Jesus vir die misdadiger wat saam met Hom gekruisig was, gesê: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees," nadat die misdadiger gevra het: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom" (Luk. 23:42 - 43). "So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste."

Volgens Flip Theron was hierdie uitdrukking in Jesus se tyd waarskynlik 'n spreekwoord. Dit het iets soos volg beteken: As mense in 'n ry sou staan, sal daar iemand voor in die ry wees, met iemand anders agter in die ry. Maar as hulle in 'n sirkel staan, is niemand voor en niemand agter nie. Almal in die sirkel is eerste en almal laaste. Hulle is gelyk. Theron praat van die kerk, wat bestaan uit al die Christen-gelowiges oor die hele wêreld heen, en sê: "In die kerk staan ons nie in rye voor die kruis van Jesus - sommige voor in die ry en sommige agter - nie. In die kerk vat ons almal hande en maak 'n kringetjie rondom die kruis.



Onder God se kinders is daar nie witbroodjies nie, maar ook nie swart skape nie. Want Hy handel met ons nie volgens wat ons verdien nie, maar uit

genade. Hy gee ons, Goddank, nie ons verdiende loon nie; Hy gee ons genadebrood, net soos die boer van die storie, omdat Hy goed is."Mense sê soms dat hulle eers later hul lewe aan die Here sal gee, want hulle wil eers die lewe geniet. Diegene wat egter die geskenk van genadebrood laat ontvang het, sê altyd dat hulle soveel tyd in hul lewe vermors het. Hulle sou baie vroeër aan die Here wou behoort. Hulle kan dit sê, want die genadebrood van God (die reddende genade deur Jesus se sterwe aan die kruis) is soos 'n feesmaal!

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My (Openb. 3:20).

Ons Vader, dankie vir die genadebrood wat U vir ons gee in Jesus, elke dag, soos U ook ons daaglikse brood vir ons gee.

Amen



*(Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube en Christelike Lektuurfonds.)*

## c. Wonderwerke

Die interessante van die evangelie se kernboodskap is dat dit so maklik is dat klein kinders dit kan verstaan en tog ervaar vele geleerdes probleme daarmee. Max Lucado het 'n boer met die naam, José, naby Rio de Janeiro besoek. José was ouer as 70 jaar en het al 37 jaar lank 'n eenvoudige bestaan gemaak op twee akker grond. Toe José hoor dat Max 'n sendeling is, het hy gesê: "Jou werk moet baie maklik wees. Ek het geen probleem om in God te glo nie. Nadat ek gesien het wat Hy gedoen het op my klein plasie, jaar na jaar, is dit maklik om te glo." (Uit Max Lucado: No wonder they call him the savior.)

Iets is dikwels net vir ons 'n wonderwerk as dit bonatuurlik is. Besef ons die wonder van dinge om ons, dinge wat ons elke dag beleef, soos die see, berge, blomme, diertjies, sterre, die sonsondergang? Ons dink te selde aan die wonder van ons eie lewe; hoe ek gebore is, dat ek grootword, dat ek kan dink. Dit is 'n wonderwerk dat ons mekaar kan liefhê.

Baie verskynsels kan wetenskaplik verklaar word aan die hand van natuurwette, maar hulle leer ons inderwaarheid ál meer van die wonder van die skepping. Dit is jammer dat sommige mense glo dat die wetenskap alles kan verklaar, sonder God daarin, en daarom glo hulle nie in God nie. Job het met God geargumenteer. Toe sê God: "Ek sal vra, antwoord jy My. Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het? Praat as jy die antwoord het. ... Het jy, Job, in jou tyd die môre beveel om te kom? ... Jy moet dit weet, jy wat maak of jy toe al gebore was. ... Was jy al by die plek waar die sneeu gebêre word? Wie het die doudruppels in die wêreld gebring. ... Kan jy weerligstrale uitstuur, wie gee insig aan die haan om die dag aan te kondig? ... Kan jy die sterre op hulle tyd laat opkom" (Job 38: 3- 35). "Gee jý vir die perd sy krag, sit jý vir hom maanhare aan? ... Is dit deur jou insig dat 'n valk vlieg (Job 39: 19, 26). Wie wil aan Mý eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My" (Job 41:11).

Die vraag kan tereg gevra word: Wat moes God meer doen om ons te oortuig dat Hy daar is? Moes Hy die heelal nog groter maak, die berge nog hoër, die blomme nog mooier, die sneeu nog witter?

Die goeie nuus is dat Hy wel nog meer gedoen het, baie meer. Hy het self in Jesus in die wêreld verskyn en onder ons kom woon. Hy het vir ons kom vertel dat God ons liefhet en het dit ook vir ons kom wys deur aan die kruis vir ons sonde te sterf. Hy het dit vir ons laat opteken in die Bybel. Die Bybel leer ons dat God soos 'n liefdevolle Vader is, een wat sy Seun gestuur het sodat ons met God versoen kan word. Jesus is soos 'n goeie Herder: "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape" (Joh. 10:10-11).

Dit is 'n wonderwerk dat ons kan glo soos 'n kind. Onlangs het 'n seuntjie, sewe jaar oud, iets oor homself op die rekenaar getik. Een van die sinne was: "Ek hou van God en Jesus". So eenvoudig en nie om enigeen te beïndruk nie. Ek is seker God hou daarvan, want ons sê gewoonlik net vir iemand wat vir ons spesiaal is, en vir wie ons baie lief is: "Ek hou van jou."

'n Wonderwerk gebeur nie deur die opheffing van natuurwette nie, maar deur die werking van wette op 'n hoër vlak. Ons hemelse Vader, dankie dat ons kan weet dat U die Skepper is van alles. Dat ons die kroon van u skepping kan wees en dat U vir ons lief is.

Amen

*(Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube)*

## d. Ons hoop

My broer, Tom Berning, was 'n tweedejaarstudent en sou op Stellenbosch sy teologiese studies voortsit na hy sy graad op Potchefstroom gekry het. Hy wou reeds van vroeg af in sy lewe predikant word. In 1954 het hy in 'n ongeluk gesterf, tien dae voor sy 21ste verjaardag. Ek het net verlede jaar, na al die jare, in 'n stadium gewonder hoe "godsdienstig" Tom was.

'n Week of twee daarna ontdek ek "toevallig" 'n afskrif van 'n brief wat hy, 'n paar dae voor sy dood, aan sy vriendin geskryf het. Ek het toe, na 60 jaar, vir die eerste keer weer kontak met sy vriendin gemaak. Sy het bevestig dat Tom vir haar die brief kort voor sy dood geskryf het. Sy sê verder dat sy altyd onthou dat hy, net voor die ongeluk, in die motor die lied "Nader my God by U" gesing het: "Nader my God by U. Steeds naderby! Al is daar ook 'n kruis nodig vir my. Dan sal my lied nog bly: Nader my God by U. Steeds naderby!" ... Sy sê dit was Tom se laaste woorde!

Tom skryf onder andere in die brief: "As jy dieper dink, hoe moet dit wees om iemand wat jy werklik liefhet, af te gee aan die dood - en dan vir altyd te verlang. God dank daar is hoop vir 'n weersiens in 'n lewe sonder skeiding, verenig met God vir ewig ... As ek daaroor dink, dan kan ek niks anders doen nie as om net te bid: O God, U in wie die liefde en geluk volmaak is. U wat sit aan die stuur van ons lewensbootjies, wil U dit veilig stuur deur die rotse heen, oor die diep waters ... "
Dit gee mens 'n baie groot gemoedsrus en blydskap as jy weet dat 'n geliefde wat gesterf het, die Here geken en bely het. Ons kan ook sê: Goddank, daar is hoop vir 'n weersiens in 'n lewe sonder skeiding, verenig met God vir ewig. Van hierdie hoop skryf Petrus: Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!

In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop (1 Pet. 1:3). Jesus is ons hoop: Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop (1 Tim.1:1). Paulus skryf dat ons nie hoef te treur nie, ons het hoop: Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie (1 Tess. 4:13).


Ons glo dat, omdat Jesus opgestaan het uit die dood, dit ook met ons sal gebeur: Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem (1Tess. 4:14).

Dankie Here Jesus, dat U ons hoop is – Amen

*(Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe twee-weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube en Christelike Lektuurfonds.)*

**5.** So terloops ....

a. The meaning of life




b. Jannie wil pastoor word

Jannie wil pastoor word en hy preek en preek op die plaas vir die kat wat aandagtig sit en luister.
Sy ma hoor 'n helse kabaal – Jannie is besig om die kat te doop in 'n emmer water.
"Jannie! Lossie kat! Hy hou nie van water nie!"
Jannie: "Hy moes daaraan gedink het voor hy by my kerk aangesluit het!"
11:24 AM

c. Lag 'n slag

# Lag 'n slag:

## Oupa en ouma se antwoordmasjien

*Anette Lesur van Durban stuur die volgende grappie. Sê sy: "Partykeer is dit alte waar!"*

Goeie môre... Ons is tans nie tuis nie, maar laat asseblief 'n boodskap na die toon. As jy een van ons kinders is, druk die nommer kind wat jy is en druk dan een van die volgende nege opsies, sodat ons by ons terugkoms kan weet wat ons moet doen:

1. As ons die kleinkinders moet kom oppas, druk 2.
2. As julle ons kar wil leen, druk 3.
3. As julle wil hê ons moet julle klere was en stryk, druk 4.
4. As julle wil hê dat die kleinkinders by ons moet kom slaap, druk 5.
5. As julle wil hê dat ons die kinders by die skool moet gaan haal, druk 6.
6. As julle wil hê dat ons vir julle 'n maaltyd moet voorberei of dit by julle huis aflewer, druk 7.
7. As julle hier wil kom eet, druk 8.
8. As julle geld nodig het, druk 9.
9. As julle ons vir ete gaan nooi, of ons teater toe wil vat, begin praat, ons luister!

d. Black Friday




## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| Geen | Geen | 2 Desember |

## 7. Beplanning vir 2025

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2025** | **2025** | **2025** |
| Geen | 23 & 24 Januarie | 20 Januarie |
| 7 & 8 Februarie | 20 & 21 Februarie | 17 Februarie |
| 7 & 8 Maart | 27 & 28 Maart | 3 Maart |
| 11 & 12 April | 24 & 25 April | 24 April |
| 9 & 11 Mei | 22 & 23 Mei | 5 Mei |
| 6 & 7 Junie | 19 &20 Junie | 9 Junie |
| 4 & 5 Julie | 24 & 25 Julie | 23 Julie |
| 8 & 9 Augustus | 14 & 15 Augustus | 11 Augustus |
| 5 & 6 September | 18 & 19 September | 8 September |
| 3 & 4 Oktober | 30 & 31 Oktober | 20 Oktober |
| 7 & 8 November | Geen Besoek | 10 November |
| Geen | Geen Besoek | 1 Desember |

## 8. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881




## 9. Bybelskool



## 10. Afsluitings Gebed

Here God, U is die Alfa en die Omega. U is die begin en die einde van die hele skepping. Here, vir my is U ook die begin en die einde van my daaglikse bestaan. Here, U is my opstaan en gaan slaap. Daar is niks op aarde wat ek wil doen wat nie aan U eer bring nie. Here, ons word so maklik deur satan mislei om in sinnelose argumente en rusies betrokke te raak. Here, bewaar ons daarvan. Here, bewaar ons gedagtes, drome en verstand. Here, seël ons met die Bloed van Jesus. Heilige Gees, lei U ons op die pad van heiligmaking. Here, wys ons alles in ons wat nie van U af is nie. Here, maak ons in hierdie dag leeg van onsself en ons eie selfsugtige begeertes en maak ons vol van U. Here, neem alles waarmee ons besig is om U koninkryk te verheerlik en hou dit in stand. Here, seën die werk van ons hande. Here, maak deure oop vir ons roeping en lei ons om die regte keuses te maak, sodat ons kan leef in al die volheid en plan wat U vir ons lewens het. Here, wys ons deur U Heilige Gees, waar ons afdraai paaie geneem het. Here, open ons oë, ore en verstand sodat ons duidelik kan sien, hoor en ervaar. Here, gee ons U Gees van onderskeiding sodat alles in ons lewe sal wees tot uitbreiding van U koninkryk. Vader God, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus Christus, my Verlosser en Koning.

Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee



Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God